Mutsuku

Izak De Vries

VRAE

LETTERLIK

Vraag 1.

1.1. Op watter dag van die week begin die storie? (1)
1.2. Wie is die hoofkarakter in die storie? (1)
1.3. Wanneer het die hoofkarakter opgestaan? (1)
1.4. Wat het meneer Ndou die vorige dag reeds gedoen? Noem DRIE feite. (2)
1.5. Wat is ook op meneer Ndou lysie waarmee hy sy skoene moet skoonmaak wat hy daardie middag gaan koop? (1)
1.6. Waarin maak meneer Ndou sy kos? (1)
1.7. Wat het meneer Ndou daardie oggend gemaak om te eet? (1)
1.8. Wanneer skep meneer Ndou eers die kos uit? (1)
1.9. Hoe verdeel meneer Ndou die kos? Noem TWEE feite. (1)
1.10. Wat is die hond se naam? (1)
1.11. Wat kry die hond eers voor hy sy kos kry? (1)
1.12. Wat doen die hond in reaksie hierop? (1)
1.13. Hoe kyk meneer Ndou na sy pap as die hond sy so vinnig klaar eet? (1)
1.14. Wat doen Mutsuku nadat hy klaar geeët het? (1)
1.15. Waaraan dink meneer Ndou wat hy die middag gaan koop om homself te bederf? (1)
1.16. Wat dink meneer Ndou is die voordeel van die botteltjie bier? (1)
1.17. Wat bemerk meneer Ndou deesdae oor Mutsuku? (1)
1.18. Waaroor voel meneer Ndou skuldig m.b.t. Mutsuku? (1)
1.19. Wat is meneer Ndou se teenargument op die kwesie? (1)
1.20. Wat doen Mutsuku toe hy agterkom meneer Ndou kyk na hom? Noem TWEE feite. (2)
1.21. Hoekom strek Mutsuku homself weer lank uit? (1)
1.22. Wat het die dokter van die hospitaal die ander dag vir meneer Ndou gesê? Haal sy DIREKTE woorde aan. (1)
1.23. Haal EEN woord uit die volgende uittreksel wat sê dat die dokter gereeld veby die plek waar meneer Ndou bly hardloop? (1)

Die donker dokter hardloop altyd hier verby.

1.24. Waarvandan dink meneer Ndou kom die dokter a.g.v. sy aksent? (1)
1.25. Wat doen hy as hy verby die plek waar meneer Ndou bly hardloop? (1)
1.26. Wat het meneer Ndou vir hom gesê toe hy sê dat Mutsuku al baie oud is? (1)
1.27. Wat beteken Mutsuku? (1)
1.28. Wat, volgens meneer Ndou, het hy en Mutsuku in gemeen? (1)
1.29. Wat se soort bier drink meneer Ndou? (1)
1.30. Wat se kwantiteit(grootte) is die bier wat meneer Ndou drink? (1)
1.31. Op wat se dag is bierdag vir meneer Ndou? (1)
1.32. Waarin bly meneer Ndou en Mutsuku? (1)
1.33. Hoekom gee meneer Ndou die res van sy pap vir Mutsuku? (1)
1.34. Wat is Mutsuku se reaksie hierop? (1)
1.35. Hoekom reageer Mutsuku so? (1)

1.36. Haal die GEDEELTE van ‘n SIN uit die volgende uitreksels van die storie aan wat bewys dat meneer Ndou nog honger is. (1)

Hy kry nooit 'n tweede keer kos nie. Sy eie maag se ligte protes lag hy heeltemal weg wanneer die ou hond gretig die laaste bietjie pap van die bord af lek.

1.37. Wat doen meneer Ndou met die borde nadat Mutsuku klaar geëet het? (1)
1.38. Wat is vir meneer Ndou voordelig om naby sy blyplekkie te hê? (1)
1.39. Hoekom kan ons sê dat meneer Ndou nie die erf of die eiendom besit waarop hy bly nie? (1)
1.40. Hoeveel sal meneer Ndou vir huur betaal as hy R856-34 pensioen elke maand kry? (1)
1.41. Noem TWEE nadele van waar meneer Ndou voorheen gebly het? (1)
1.42. Hoekom gee meneer Ndou nie regtig om om vir die vrou die helfde van sy pensioengeld te gee nie? (1)
1.43. Wat was finansieël die orgewende feit wat meneer Ndou laat besluit het om die plek te vat? (1)
1.44. Wat, volgens meneer Ndou, is erg? Gee TWEE feite. (1)
1.45. Wat doen meneer Ndou laaste voordat hy na die taxistaanplek loop? Noem TWEE feite. (2)
1.46. Hoekom was almal, wat in die taxi was, opgewonde? (1)
1.47. Haal ‘n vergelyking uit die volgende stuk. (1)

Dit is 'n jolige rit, want 'n hele paar mense in die taxi gaan pensioen haal. Nou word die sorge van die lewe eers weer 'n bietjie vergeet. Netnou-netnou loop hulle weer soos ryk mense met note in hulle sakke rond.

1.48. Wat sien meneer Ndou by die betaalpunt? (1)
1.49. Wat vind meneer Ndou snaaks? (1)
1.50. Waarmee betaal meneer Ndou die bestuurder? (1)
1.51. Hoe maak meneer Ndou seker dat hy altyd geld het om sy pensioen te gaan haal? (1)
1.52. Hoe lank moet meneer Ndou wag voor dit amptelik oopmaaktyd is? (1)
1.53. Hoe lank moet meneer Ndou nog wag voordat die beamptes wat hulle betaal opdaag? (1)
1.54. Wat vat nog ‘n paar minute? (1)
1.55. Wat doen die pensionarisse onmiddelik? (1)
1.56. Wat skep elke oggend ‘n afwagting? (1)
1.57. Wat hoor meneer Ndou van voor af opklink? (1)
1.58. Wat doen almal om te hoor wat aangaan? (1)
1.59. Wat se verskriklike nuus hoor hulle? (1)
1.60. Wat bid meneer Ndou? (1)
1.61. Waarvoor moet meneer Ndou geld hê? Noem TWEE feite (2)
1.62. Waarsonder kan meneer Ndou klaarkom? (1)
1.63. Wat kan mneer Ndou nog eet om aan die lewe te bly, maar Mutsuku nie? (1)
1.64. Wie in die omgewing eet ook daarvan? (1)
1.65. Haal die GEDEELTE van ‘n sin aan uit die aanhaling uit die storie wat sê dat meneer Ndou nooit kinders gehad het nie. (1)

Bowendien: daardie boom dra maar min vrugte en daar is baie honger kinders in die omgewing wat ook maar kom haal. Hulle weet hy het nooit kinders gekry nie, so nou kom maak hulle maar sommer hulle mae vol van sy boom.

1.66. Wat sien meneer Ndou van die mense wat van voor af kom wat duidelike bewys is dat hulle nie geld kry nie? Noem TWEE feite in jou EIE woord. (2)
1.67. Hoekom is dit nie vir meneer Ndou nodig om van die klerk te hoor wat om te doen nie? (1)
1.68. Wat moet hulle met die vorm doen. Gee ‘n stap vir stap prosedure in jou eie woorde. (3)
1.69. Wat vra meneer Ndou wel vir die klerk? Haal sy DIREKTE woorde aan. (1)
1.70. Wat wys dat die jong man agter die toonbank nie eintlik regtig belangstel in die ellendige lot van die mense wat nou nie geld gekry het nie? (1)
1.71. Wat wys dat die jong man nie eintlik nie belangstel om spesifiek aan Meneer Ndou se bekommernis oor wanneer die geld gaan kom aandag te gee nie? (1)
1.72. Beantwoord die volgende vrae n.a.v. die aanhaling uit die storie:

Daar is 'n waterigheid in meneer Ndou se oë wat hy ergerlik afvee met sy deurgewaste sakdoek. Hy is heeltemal stom. Wat nou? In die eerste plek moet hy terugkom by die huis en dis 'n lang ent. Daar is nie meer geld vir die taxi nie.

1.72.1. Haal die GEDEELTE van ‘n sin aan wat sê dat meneer Ndou huil. (1)
1.72.2. Haal die GEDEELTE van ‘n sin aan wat sê dat meneer Ndou verleë voel hieroor.(1)
1.72.3. Haal EEN woord aan wat sê dat meneer Ndou se sakdoek oud is. (1)
1.72.4. Haal EEN woord aan wat sê dat meneer Ndou nie woorde het nie. (1)
1.72.5. Haal die GEDEELTE van ‘n sin aan wat sê dat meneer Ndou sal moet huistoe loop. (1)
1.73. Wat maak die feit dat meneer Ndou huis toe moet loop soveel erger? (1)
1.74. Wat besef meneer Ndou iewers langs die pad? (1)
1.75. Wat doen meneer Ndou omdat hy onsteld is? (1)
1.76. Waaroor is meneer Ndou bekommerd m.b.t. die invul van die vorm? (1)
1.77. Hoe laat kan dit al wees toe meneer Ndou verby die hospitaal loop? Gee enige toepaslike tyd. (1)
1.78. Pas KOLOM A by KOLOM B oor dit wat meneer Ndou dink toe hy by die hospital verby loop.

KOLOM A		KOLOM B	
1	Hy dink dat dit dalk goed sal wees om die papier gou ingevul te kry,...	A	Hy huiwer maar gaan tog in.
2	...maar hy is al baie moeg ...	B	Hy kan iets kry om te drink omdat hy dors is.
3	... en dit sal ook goed wees om koue water te drink...	C	Hy kan so ‘n bietjie rus.
4	...en ‘n bietjie te sit.	D	Hy sal in die ry moet staan en sien nie regtig kans daarvoor nie.
5	Hy wik en weeg, en draai dan maar by die hospitaal in.	E	Hy wil die vorm laat voltooi sodat dit klaar is.

1.79. Wat is die enigste ding wat die mense by die hek oor die vorms weet? (1)
1.80. Wat is nadelig van die tou by die buitepasiënte-afdeling? (1)
1.81. Wat is die voordeel? (1)
1.82. Wat sê die man agter die toonbank van die vorm? Gee TWEE feite. (2)
1.83. Wat kan die man vir meneer Ndou doen? Gee TWEE feite. (2)
1.84. Gee TWEE beskrywende woorde uit die storie wat die baie gesigte wat op die

op die bankies en op die grond sit en wag om gesien te word beskryf? (2)
1.85. Wat het meneer Ndou, jare vantevore, by die hospitaal gedoen? (1)
1.86. Meneer Ndou besluit om nie te wag nie. Wanneer sê meneer Ndou sal hy terugkom? Gee die verwysing na EN die dag van die week. (2)
1.87. Waarnatoe gaan meneer Ndou eers voordat hy begin huis toe loop? (1)
1.88. Wat doen meneer Ndou t.s.v. die feit dat die plek waarheen hy gaan nie skoon is nie? (1)
1.89. Hoe voel meneer Ndou toe hy by die huis aankom? Gee EEN woord. (1)
1.90. Wat doen Mutsuku toe hy meneer Ndou sien? Noem TWEE feite. (2)
1.91. Waaroor sê meneer Ndou wonder hy party dae? (1)
1.92. Hoekom wonder meneer Ndou party dae hieroor? (1)
1.93. Hoekom bewe meneer Ndou, al is dit warm? (1)
1.94. Hoe weet meneer Ndou hy moes sommer so met sy rug teen die kaia aan die slaap geraak het? Gee TWEE feite? (1)
1.95. Wat sou meneer Ndou gepluk en geëet as dit nie vir Mutsuku was nie? (1)
1.96. Haal TWEE woorde uit die volgende stuk;
1.96.1. EEN wat sê hoe meneer Ndou LIGGAAMLIK voel
1.96.2 en een wat sê hoe meneer Ndou GEESTELIK voel. (2)

Hy voel so moeg en sy kop voel sommer swaar.

1.97. Wat dink meneer Ndou toe hy die vuur maak? Gee TWEE feite. (2)
1.98. Wat is die verskil met hoe dit NOU is en hoe dit in die OU DAE was m.b.t. hout kry? (2)
1.99. Hoekom kan meneer Ndou nie meer hout kry soos in die ou dae nie? (1)
1.100. Wat sal meneer Ndou moet doen as hy hout verniet wil hê? (1)
1.101. Haal EEN woord uit die volgende aanhaling wat sê dat meneer Ndou nie dieselfde hoeveelheid pap maak as wat hy gewoonlik maak nie. (1)

Hy neem die helfte van die pap wat hy gewoonlik maak en begin dit meng.

1.102. Waaraan troos meneer Ndou homself? Gee TWEE feite. (2)
1.103. Hoe slaap meneer Ndou daardie nag? (1)
1.104. Wat maak meneer Ndou in die oggend wakker? (1)
1.105. Wat sukkel Mutsuku daardie môre om te glo? Gee TWEE feite. (2)
1.106. Hoe vroeg is meneer Ndou al by die hospital m.b.t. die verkeer? (1)
1.107. Waar gaan staan meneer Ndou in die ry? (1)
1.108. Beskryf die mense wat ook daar staan. Gee DRIE feite. (3)
1.109. Wat is al wat sal help om so te staan en wag? Gee EEN woord.(1)
1.110. Hoekom word hulle weer weggewys? Gee TWEE feite. (2)
1.111. Wanneer moet meneer Ndou weer teruggaan hospitaal toe? (1)
1.112. Wat pluk meneer Ndou oor die volgende paar dae? Gee TWEE woorde. (1)
1.113. Wat moet maar gebeur met die wat te hoog sit vir meneer Ndou om met ‘n stok by te kom? Gee TWEE feite. (1)
1.114. Hoekom het die vrou wat sy huisie aan meneer Ndou verhuur verstaan dat hy nie die huur kon betaal nie? (1)
1.115. Wat was die vrou se voorwaarde dat sy nie op die stadium van meneer Ndou huurgeld verwag nie? Gee TWEE feite. (2)
1.116. Hoe maak meneer Ndou seker dat Mtsuku elke oggend en elke aand bietjie pap het? (1)
1.117. Wat ontstel meneer Ndou? (1)
1.118. Haal die GEDEELTE van ‘n sin aan wat sê dat meneer Ndou baie graag

ook van die pap sou wou eet. (1)

Sy eie maag roep elke oggend en elke aand dat daardie pap darem lekker ruik, maar hy gun hom dit nie. Avokado's is goeie kos.

1.119. Op watter dag van die week het meneer Ndou WEER hospitaal toe gegaan? (1)
1.120. Hoekom het meneer Ndou op die dag eers laat opgestaan? (1)
1.121. Wat bemerk meneer Ndou aangaande Mutsuku se fisiese toestand? (1)
1.122. Hoe voel meneer Ndou hieroor? (1)
1.123. Wat is die verskil m.b.t. die afstand na die hospitaal van waar meneer Ndou eers gebly het en nou bly? Gee TWEE feite. (2)
1.124. Wat sê hy vir homself, toe hy die enorme hoeveelheid mense sien wat alreeds voor hom toustaan? Haal sy DIREKTE woorde aan. (1)
1.125. Hoekom is die lang tou nie eintlik ‘n probleem nie? (1)
1.126. Na hoe lank van in die ry staan kry meneer Ndou uiteindelik so ‘n bietjie skaduwee? (1)
1.127. Hoe lank daarna word meneer Ndou gehelp? (1)
1.128. In watter maand is meneer Ndou se afspraak by die hospitaal? (1)
1.129. Hoekom is hy ontsteld hieroor? (1)
1.130. Wat se nuus hoor meneer Ndou oor die radio twee dae voor Mutsuku geen pap meer sou hê nie? (1)
1.131. Wie het dit wat hulle gaan kry geskenk? (1)
1.132. Wat eet meneer Ndou weer daardie aand soos toe hy pensioen gekry het? (1)
1.133. Waarmee sal meneer Ndou van die volgende dag af meer versigtiger wees? (1)
1.134. Wat hoop hy sal NTK weer doen? (1)
1.135. Wat gebeur daardie aand? Sê dit in jou eie woorde. (1)
1.136. Wie dink meneer Ndou was dit wat hom met die sak maal gesien het en die diefstal gereël het? (1)
1.137. Wat sit hulle oor meneer Ndou se gesig sodat hy nie moet sien wat aangaan nie? (1)
1.138. Wat doen die inbrekers met Mutsuku? (1)
1.139. Hoe reageer Mutsuku toe meneer Ndou hom probeer optel na die inbraak? (1)
1.140. Wat doen meneer Ndou toe? Gee TWEE feite. (2)
1.141. Vir wie vertel meneer Ndou die volgende dag wat gebeur het? (1)
1.142. Hoekom kan meneer Ndou nie nog mieliemeel kry nie? (1)
1.143. Wat probeer meneer Ndou vir Mutsuku gee om te eet die toe hy by die huis kom? (1)
1.144. Vir wie vra hy of hulle nie vir hom hout sal gaan haal nie? (1)
1.145. Wat was die seuns besig om te doen? Gee TWEE feite. (1)
1.146. Wat sal hy vir die seuns gee as hulle vir hom hout bring? (1)
1.147. Wat is die seuns se reaksie op sy versoek? (1)
1.148. Wie kom tot sy redding? (1)
1.149. Waar was die man? (1)
1.150. Waarmee dreig hy die seuns? (1)
1.151. Watter TWEE instruksies gee die onderwyser aan die seuns. Wat MOET hulle doen en wat MAG hulle NIE doen NIE. Sê dit in jou EIE woorde. (2)
1.152. Haal EEN sin uit die storie wat bewys dat die seuns na die onderwyser

geluister het? (1)

1.153. Wat bring die onderwyser vir hom daardie aand? (1)
1.154. Vir wie het die onderwyser vertel van hoe hy die seuns gedreig het? (1)
1.155. Wat het die persoon toe vir die onderwyser vertel? (1)
1.156. Wat belowe die onderwyser om weer te doen? (1)
1.157. Wat vra hy meneer Ndou om te doen? (1)
1.158. Hoekom vra hy dit? (1)
1.159. Wat sê die jong doktertjie by die kliniek vir meneer Ndou? Haal haar DIREKTE woorde aan. (1)
1.160. Hoekom vra die jong doktertjie of meneer Ndou sy pille drink? (1)
1.161. Wat vra meneer Ndou die doktertjie? (1)
1.162. Wat se leuen vertel hy haar? (1)
1.163. Vir wie is dit wat meneer Ndou vra? (1)
1.164. Hoekom wil meneer Ndou die antibiotika vir Mutsuku hê? (1)
1.165. Wat gee die dokter hom in plaas van antibiotika? (1)
1.166. Hoekom wil sy nie vir hom antibiotika gee nie? Gee TWEE feite. (2)
1.167. Wat oorweeg meneer Ndou vir ‘n oomblik om te doen? (1)
1.168. Wat dink hy sal hy eerder probeer? (1)
1.169. Na hoeveel dae het meneer Ndou besef die vitamienpille werk nie? (1)
1.170. Aan wat se plan dink meneer Ndou toe? Gee dit in EEN sin van jou eie woorde met net TWEE feite. (2)
1.171. Waarmee sny meneer Ndou homself? (1)
1.172. Waar sny meneer Ndou homself? (1)
1.173. Hoe lank is die sny? (1)
1.174. Wat doen meneer Ndou met die etter wat hy uit sy vriend Mutsuku se wond haal? (1)
1.175. Wat doen meneer Ndou toe met sy wond? (1)
1.176. Hoe lank vat dit voor meneer Ndou se wond besmet is? (1)
1.177. Wat kry meneer Ndou onmiddellik toe hy by die kliniek aankom met die wond? (1)
1.178. Wat kry meneer Ndou toe uiteindelik a.g.v. die wond? (1)
1.179. Hoe voer mneer Ndou die antibiotika vir Mutsuku? (1)
1.180. Wat bring die onderwyser toe hy weer by meneer Ndou verbykom? (1)
1.181. Wat sê die onderwyser vir meneer Ndou oor Mutsuku? (1)
1.182. Wat antwoord meneer Ndou hom? Gee sy DIREKTE woorde. (1)
1.183. Wat dwing meneer Ndou homself om die volgende môre te doen t.s.v. die feit dat hy siek voel? (1)
1.184. Wat weet meneer Ndou sal Mutsuku waarskynlik nie kan doen met die hoender wat hy voor hom neersit nie? (1)
1.185. Hoekom gaan meneer Ndou die dag daarna weer hospitaal toe? (1)
1.186. Hoekom is die dokter verbaas dat meneer Ndou nie gesond word nie? (1)
1.187. Hoe gereeld jok meneer Ndou vir die dokter neem hy sy medikasie. Gee TWEE feite. (2)
1.188. Hoe sê meneer Ndou weet hy hoeveel van die pille om te drink en hoe gereeld hy dit moet drink? (1)
1.189. Wat is die dokter se reaksie toe hy die verband afhaal? (1)
1.190. Wat wil die dokter onmiddellik doen? (1)
1.191. Hoekom sê meneer Ndou kan dit nie gebeur nie? Haal sy DIREKTE woord aan. (3)
1.192. Wat sê die dokter sal met mneer Ndou gebeur as hy nie opgeneem word nie. Gee TWEE feite. (2)
1.193. Van watter land is die dokter? (1)

1.194. Hoekom roep die Ghanese dokter 'n tolk? (1)
1.195. Wat vermoed die dokter? (1)
1.196. Wie is ook op daardie studium in die buitepasiente-afdeling? (1)
1.197. Wat vra meneer Ndou hom om te doen? (1)
1.198. Wat is dokter wat verby meneer Ndou hardloop se van? (1)
1.199. Hoekom sê die Ghanese dokter verstaan hy nou wat aangaan? (1)
1.200. Wat sê die Ghanese dokter is die voorwaarde waarby meneer Ndou moet hou en dan sal hy hom nie opneem nie. Gee TWEE feite. (2)
1.201. Wat sê die Ghanese dokter het dokter Wilson gesê sal hy daardie aand doen? (1)
1.202. Hoekom sal dokter Wilson dit doen? (1)
1.203. Wat sien dokter Wilson reeds op 'n afstand by meneer Ndou se kaia wat hom laat besef dat daar iets fout is? (1)
1.204. Wie sien dokter Wilson op die grond dit toe die kinders wat saamgedrom het vir hom pad maak? (1)
1.205. Wie is op sy skoot? (1)
1.206. Hoekom huil meneer Ndou? (1)

NIE LETTERLIK

Vraag 2.
2.1. Gee beskrywende woorde wat meneer Ndou se gemoedstoestand verduidelik n.a.v. die volgende uittreksel uit die storie. (3)

Dis Dinsdagoggend en meneer Ndou is vroeg reeds op. Gister is sy hemp al netjies gewas en gestryk.

2.2. Hoekom sal meneer Ndou deur al die moeite gaan soos om sy hemp te was en te stryk en sy skoene blink te maak alhoewel dit maar net sy pensioen is wat hy kry? (2)
2.3. Wat sê dit vir ons van meneer Ndou en Mutsuku as dit in die storie sê: "...krap hy die een helfte in sy bord en die ander helfte in Mutsuku s'n." (2)
2.4. Wat sê dit vir ons van meneer Ndou se gevoel oor Mutsuku as hy die ou hond eers tussen die ore vryf? (1)
2.5. Wat sê dit vir ons van Mutsuku se gevoel oor meneer Ndou as Mutsuku sy stert swaai oor die vryf tussen die ore? (1)
2.6. Verduidelik: "Sommer net te gou is die hond se bord leeg." (2)
2.7. Hoekom sal meneer Ndou skuldig voel oor die pap wat hy nog oor het? Hy het tog die pap presies in die helfde verdeel. (2)
2.8. Verduidelik: "gedagtes draai in die rigting van..." (1)
2.9. Verduidelik: "...maar 'n bier sit darem ook weer iets in 'n man se maag." (2)
2.10. Verduidelik: "En daardie hond staan deesdae al hoe swaarder op." (1)
2.11. Wat sê dit vir ons oor die hoeveelheid geld wat meneer Ndou kry n.a.v. die volgende wat in die storie gesê word: "Hy voel skuldig dat daar nie meer is om te gee nie, maar daar is ook soveel monde om te voer ..." Dit is tog NET hy en Mutsuku. Wat sal die probleem dan wees? (2)
2.12. Wat sê dit van die dokter as meneer Ndou na hom as "donker" verwys? (1)
2.13. Wat sê dit van meneer Ndou as hy sê dat die dokter wat verby sy kaia hardloop nie 'n Venda is nie. Moet nie net die vanselfsprekende bespreek nie, dink bietjie verder. (2)
2.14. Watter kleur dink jy is Mutsuku se pels as jy die betekenis van sy naam in ag neem? (1)

2.15. Wat sê dit van meneer Ndou se dringewoontes as hy sê hy gaan vir homself ‘n hele dumpie koop. (2)
2.16. Verduidelik die belangrikheid van pensioendag vir meneer Ndou as hy na dit verwys as bierdag, ‘n ritueel. (2)
2.17. Verduidelik meneer Ndou se finansiële omstandighede omdat hy in ‘n sinkkaia bly. (3)
2.18. Hoekom kou meneer Ndou lank aan die laaste hap pap wat hy vir homself afgemeet het? (2)
2.19. Hoekom lyk Mutsuku se gesig verbaas omdat hy nog pap kry? (1)
2.20. Verduidelik: “Sy eie maag se ligte protes lag hy heeltemal weg wanneer die ou hond gretig die laaste bietjie pap van die bord af lek.” (2)
2.21. Verduidelik die verband tussen water en die bedrag geld wat meneer Ndou betaal vir losies m.b.t. waar hy nou bly en waar hy eers gebly het. (4)
2.22. Verduidelik: “Bowendien het die vrou self baie monde om te voer.” (2)
2.23. Verduidelik: “en hy het geweet dat hy met die orige geld vir hom en Mutsuku sal kan sorg.” (2)
2.24. Verduidelik: “Dit is erg as 'n mens begin om jouself te verloor so met die ouderdom en die siekte saam.” (2)
2.25. Verduidelik die ironie n.a.v. die volgende stuk uit die storie. “Dit is ‘n jolige rit, want 'n hele paar mense in die taxi gaan pensioen haal. Nou word die sorge van die lewe eers weer ‘n bietjie vergeet. Netnou-netnou loop hulle weer soos ryk mense met note in hulle sakke rond.” Bespreek elke stelling wat gemaak word en hoe dit ironies is. (4)
2.26. Sê of jy saamstem met die volgende stelling: “Dis snaaks hoe jy vroeg kan kom, maar daar sal altyd mense wees wat vroeër is.” Sê ook hoekom jy so sê. (2)
2.27. Hoekom dink jy sit meneer Ndou alreeds die geld aan die begin van die maand weg vir die rit om sy pensioen te gaan haal? (1)
2.28. Is die volgende stelling die NORM of die REËL m.b.t. taxibestuurders in Suid-Afrika. Sê ook hoekom jy so sê. (2)

die haastige bestuurder

2.29. Is die volgende situasie NORM of die REËL m.b.t. staatsdepartemente in Suid-Afrika. Verduidelik jou antwoord n.a.v. ‘n persoonlike ervaring wat jy of jou familie ervaar het. (5)

Meer as ‘n uur gaan verby voor dit amptelik oopmaaktyd is en nog ‘n halfuur gaan verby voordat die betaalmense daar opdaag. Dit vat nog 'n goeie klompie minute voordat die vensters oopgemaak word...

2.30. Verduidelik : “Daar is elke oggend so ‘n afwagting wanneer jy weet jou sakke bult netnou weer.” (2)
2.31. Wat se emosies dink jy het die mense wat verder agter in die ry gestaan het ervaar toe hulle die geraas voor in die ry hoor? (2)
2.32. Wat dink jy het mense voor in die ry gesê toe hulle hoor daar is nie geld nie. Skryf jou eie dialoog van vyf spreekbeurte. (10)
2.33. Hoekom dink jy beur al die mense agter in die ry vorentoe? (1)
2.34. Verduidelik: “Nou gons dit behoorlik.” (1)
2.35. Hoekom bid Meneer Ndou vinnig boontoe dat dit verkeerd is? (2)
2.36. Waaraan hou meneer Ndou wanhopig vas? (1)
2.37. Haal sinne aan uit die storie wat bewys dat meneer Ndou paniek ervaar toe hy van voor af hoor daar is nie geld nie. (2)

2.38. Hoekom is dit nie nodig vir die man agter die toonbank om eens meer te sê wat hulle moet doen nie toe meneer Ndou voor kom? (1)
2.39. Wat sê dit vir jou van die houding van die regering teenoor die pensionarisse as die man agter die toonbank net sy skouers optrek en ‘n wit vorm verby die oubaas probeer druk na die vrou wat volgende in die tou is, toe meneer Ndou hom vra wanneer hulle gaan geld kry? (1)
2.40. Verduidelik: “Daar is 'n waterigheid in meneer Ndou se oë.” (1)
2.41. Hoekom vee hy dit ergerlik met sy deurgewaste sakdoek af? (1)
2.42. Sê die volgende in jou eie woorde.: “Hy is heeltemal stom.” (1)
2.43. Hoekom is meneer Ndou weereens ergerlik met homself omdat die papier wat hy styf in sy hand vashou dalk oninvulbaar is teen die tyd dat hy by die hospitaal kom? (2)
2.44. Hoekom dink jy het die regerring versoek dat mense vorms vir pensioene by die hospitale laat invul? (1)
2.45. Dink jy dit was ‘n wyse besluit? Bespreek breedvoerig. (5)
2.46. Bespreek beide die voordele en nadele van meneer Ndou wat besluit om maar tog by die hospitaal in te gaan toe hy daar verby loop. (4)
2.47. Wat sê dit verder vir jou van die regering as die man agter die toonbank by die hospitaal sê hulle weet nie van die vorms nie. (1)
2.48. Verduidelik: “Nee, skud hy sy kop. In sy dae, toe hy nog kon, het hy hier in die hospitaal tuingemaak. Hy weet hoe lank hierdie mense nog gaan wag.” (2)
2.49. Wat sê dit van die algemene toestand van die hospitaal as meneer Ndou van die badkamer sê: “In die ou dae was hulle baie mooi skoon, nou nie meer nie.” (2)
2.50. Wat bedoel meneer Ndou as hy sê: “Party dae wonder ek oor Madiba se regering. Kyk wat maak hulle. Mphephu het nie so gemaak met sy mense nie. Hy was anderste, dis waar. Maar hierdie mense. Hulle kyk nie meer na ons nie.” Bespreek dit breedvoerig. (4)
2.51. Hoekom bewe meneer Ndou van inspanning, al is dit warm? (2)
2.52. Beskryf meneer Ndou se emosies as daar verwys word daarna dat ‘n klip in sy hart kom sit het. (2)
2.53. Hoekom dink jy lê Mutsuku vir hom en kyk? (1)
2.54. Verduidelik: “...maar deesdae is daar so min bome oor, jy moet maar betaal as jy nie meer ver kan loop nie.” (2)
2.55. Hoekom moet meneer Ndou die helfte van die pap wat hy gewoonlik maak gebruik? (2)
2.56. Verduidelik: “...teen die oggend is dit sy maag wat hom wakker maak.” (1)
2.57. Verduidelik: “Mutsuku sukkel om te glo dat ontbyt vanmôre so vroeg voor sy snoet gesit word.” (2)
2.58. Voor die meeste taxi's nog loop, is hy al by die hospitaal en gaan staan in die tou by buitepasiënte. 'n Hele klompie ander mense staan ook al daar. Die meeste is oud en heelwat het vorms soos syne in hulle hande. 'n Paar staan op hulle krukke en leun. Ander sit in rolstoele. Geduld. Dis al wat help.
2.59. Weer word hulle weggewys. Die dokters het nog geen inligting gekry van hoofkantoor in Pietersburg nie, sê die man agter die toonbank. “Kom volgende week weer terug.”
2.60. Hoekom moet meneer Ndou avokado's eet? Noem TWEE redes. (2)
2.61. Hoekom kan ons sê dit is die “geluk by die ongeluk” dat die vrou by wie meneer die huisie huur ook nie haar pensioengeld gekry het nie? (2)
2.62. Bespreek die volgende stelling uit die storie: “Meneer Ndou se eie maag roep elke oggend en elke aand dat daardie pap darem lekker ruik, maar hy gun hom dit nie. Avokado's is goeie kos.” (2)
2.63. Watter fisiese veranderinge is daar te bespeur by beide meneer Ndou en

Mutsuku dat hulle ondervoed is. (2)

2.64. Hoekom dink jy sou dit ‘n probleem gewees het as meneer Ndou nog by sy ou plek gebly het? Bespreek. (2)

2.65. Dit skep onmiddelike suspisie by die leser as meneer Ndou sê dat die die ry gelukkig vinnig beweeg toe hy by die hospitaal opdaag en sien hoe lank die ry is. Hoe word jou suspisie bewaarheid? Bespreek breedvoerig.(2)

2.66. Is dit geregverdig dat meneer Ndou na die persoon wat hom help toe hy voor in die ry kom verwys as ‘n skim? Bespreek. (2)

2.67. Wie is NTK? Bespreek breedvoreig. (5)

2.68. Hoekom dink jy het die bure by meneer Ndou ingebreek daardie aand en sy mieliemeel gesteel? (1)

2.69. Bespreek die feit dat meneer Ndou die kombers oor Mutsuku gooi en langs hom gaan lê nadat die rowers Mutsuku beseer het. (2)

2.70. Wat bewys die volgende aanhaling uit die storie. Bespreek dit in die konteks van vandag se kinders. (2)

Teen laatoggend vra hy 'n paar van die seuns wat voor sy huis bal skop of hulle nie sal hout bring vir hom in ruil vir die hoe avokado's nie. Hulle lag net vir hom.

2.71. Hoekom kan ons sê die opvoeder se karakter beide protagonisties en antagonisties. Bespreek dit breedvoerig. (5)

2.72. Hoe is die karakter van die opvoeder teenstellend met die van die ander professionele karakters in die storie. (4)

2.73. Watter TWEE DINGE van die doktertjie se karakter het meneer Ndou laat dink dat sy vir hom antibiotika sal gee? (2)

2.74. Hoekom dink jy is meneer Ndou se bloedsuiker hoog? Noem TWEE redes. (2)

2.75. Hoekom is dit nie ‘n totale leuen toe meneer Ndou sê “iets sweer in hom” nie. Bespreek breedvoerig. (3)

2.76. Wat besef ons nou moes die diewe met Mutsuku gedoen het sodat daar etter uit sy wonde loop? (1)

2.77. Sê in jou eie woorde hoekom meneer Ndou dit doen wat hy doen om antibiotika te kry. (2)

2.78. Hoekom dink jy help die antibiotika nie nou nie? (1)

2.79. Toe die onderwyser weer daar opdaag vra hy vir meneer Ndou of hy nie dink Mutsuku wil doodgaan nie? Stem jy saam hiermee. Sê ook hoekom jy so sê? (2)

2.80. Hoekom dink jy het meneer Ndou nie besef dat hy self besig is om sieker te word nie? (2)

2.81. Wat is meneer Ndou se grootste bekommernis oor die feit dat hy opgeneem moet word? Bespreek breedvoerig. (5)

2.82. Skryf ‘n dialoog van vyf spreukbeurte tussen die dokter wat meneer Ndou wil opneem en die Engelse dokter van Ghana wat hom van plan laat verander het om meneer Ndou op te neem? (10)

2.83. Toe die Ghanese dokter daardie middag by meneer Ndou se huisie opdaag sien hy dat meneer Ndou met die dooie Mutsuku op sy skoot sit. Verduidelik: “Plat op die grond sit die ou man. Sy kop is kaal en hy huil geluidloos. Net die trane stroom by sy oë uit, en sy mond is vertrek in uitroepe wat nie uitkom nie.” (3)

2.84. Wat beteken dit as rigor mortis al ingetree het? (1)

VORMASPEKTE

Vraag 3.

3.1. Wat se tipe verteller is aan die woord in die storie? (1)
3.2. Wat is die tema van die verhaal? (2)
3.3. Wat is die stemming in die verhaal? (1)
3.4. Reg deur die verhaal bewys meneer Ndou met sy aksies dat hy baie lief is vir Mutsuku. Haal voorbeelde hiervan aan uit die verhaal. (10)
3.5. In die verhaal is daar pertinent bewyse van OORSAAK en GEVOLG. Bespreek dit aan die hand van voorbeelde uit die teks. (10)
3.6. Daar is onderliggende ironie in die verhaal. Bespreek dit. (10)
3.7. Duidelik sorg die regering nie vir oumense en ander mense wat pensioene nodig het nie. Haal bewyse aan uit die storie wat die feit staaf. (10)
3.8. Bespreek die protagoniste en die antagoniste in die verhaal. Sê wie hulle is en hoekom. (10)